HANTAM MUNISIPALITEIT
HANTAM MUNICIPALITY

VAKATURE: MUNISIPALE BESTUURDER
HANTAM MUNISIPALITEIT

Hantam Munisipaliteit, met sy setel op Calvinia, nooi gekwalifiseerde kandidate uit om aansoek te doen vir 'n uitdagende posisie van Munisipale Bestuurder. Hierdie aanstelling is onderworpe aan 'n prestasie gebaseerde kontrak.
Die dienstermyn van die posbekleër sal wees tot een jaar nadat die nuwe munisipale raad verkies is.

VEREISTES:

Om te voldoen aan die vereistes van die pos, moet u oor die volgende beskik:

- Toepaslike naskoolse kwalifikasie (B graad of gelykwaardig).
- Minstens 5 jaar ondervinding in Plaaslike Regering op 'n senior vlak.
- Grondige kennis van toepaslike wetgewing.
- Die vermoë om op alle regeringsvlakke en met alle rolspelers te kommunikeer en te onderhandel.
- Behoorlike bestuursondervinding en kennis van plaaslike regering.
- Die vermoë om strategies te beplan en innoverende leierskap.

VERANTWOORDELIKHEDE:

As Munisipale Bestuurder sal u verantwoordelik wees vir die volgende:

- Die ontwikkeling, implimentering,bestuur en gereelde hersiening van strategieë, planne, beleide en verordeninge.
- Implimentering van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en monitering daarvan.
- Verseker dat effektiewe en voldoende dienste aan die gemeenskap gelewer word.
- Implimenteer ekonomiese ontwikkelingsbeleide vir plaaslike ekonomiese groei.
- Adviseer politieke strukture en amptenare wedersyds en verseker kommunikasie tussen die raad en amptenare.
- Bestuur die administrasie van die munisipaliteit ingevolge toepaslike wetgewing.
- Aanstel van personeel.
- Handhawing van dissipline.
- Bevorder gesonde en verantwoordbare arbeidsverhoudinge.
- Bevorder publieke deelname in munisipale sake.
- Strategiese bestuur van munisipale bates.
- Strategiese bestuur van Prestasie Bestuurstelsel in die munisipaliteit en gereelde monitering van die prestasie van personeel.
- Aanvaar oorhoofse verantwoordelikheid as finansiële bestuurder vir alle inkomste en uitgawes, bates en laste asook behoorlike en deursigtige voldoening aan toepaslike munisipale finansiële wetgewing.

- Verslagdoening van wetlike vereistes.

Gesertifiseerde afskrif van Identiteitsdokument, afskrifte van getuigskrifte nie ouer as 1 jaar nie, asook 'n volledige CV moet u aansoek vergesel.

Alle aansoeke sal volgens die posvereistes oorweeg word.

Indien u nie binne 30 dae terugvoering van die munisipaliteit kry nie kan u, u aansoek as onsuksesvol aanvaar.

SALARIS: Onderhandelbaar

Navrae moet aan die Hoof Korporatiewe Dienste: (0726131205) / Die Burgemeester: (0781481910) gerig word.

NEEM KENNIS:

- Gunswerwing by raadslede of amptenare sal u aansoek outomaties diskwalifiseer.
- Indien na aanstelling gevind word, dat vervalste sertifikate voorgehou is, sal dit lei tot summiere ontslag.
- Slegs kandidate op die kortlys sal gekontak word.
- Geen laat aansoeke sal oorweeg word nie.

SLUITINGSDATUM: 24 Oktober 2014

Noel I van Stade
Waarnemende Munisipale Bestuurder

Hantam Munisipaliteit
Hoopstraat 20
Privaatsak X14
Calvinia
8190

Tel: 027-3418500
Faks: 027-3418501

Rig alle aansoeke aan die Burgemeester: Raadslid A. F. Fritz by bogenoemde adres.
Epos en faks aansoeke sal nie aanvaar word nie.

09/10/14.